higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N450**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4

(Tweede Vraestel)

(4090304)

28 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en VYF voorgeskrewe verwysingsbronne bestaande uit woordeboeke, handboeke en studentelêers met lesingnotas mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Beantwoord AFDELING B (Tweede Vraestel) in die ANTWOORDBOEK, behalwe VRAAG 4.2, wat op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord moet word.

5. Skryf netjies en leesbaar.

JY MAG NIE OMBLAAI TOTDAT DIE EKSAMENOPSIENER JOU BEVEEL OM DIT TE DOEN NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 1

ONS VIER AFRIKA SE JONGSTE ENTREPRENEURS

Andrew Mupuya is in die landelike gebied van Mbale, Uganda, gebore en het op 'n halwe studiebeurs Kampala toe verhuis om op 'n gevorderde vlak te gaan studeer. Dit het later moeilik geword om in sy behoeftes te voorsien, omdat sy ouers hul werk verloor het. In 2008, op 16-jarige ouderdom, het Andrew 'n markgeleentheid raakgesien deur papiersakke te maak omdat die Ugandese regering dit begin oorweeg het om politeen-plastieksakke te verbied. Andrew het besluit om 'n omgewingsvriendelike projek vir die produksie van papiersakke te begin.

Sonder enige aanvangskapitaal het Andrew die omgewing opgeruim deur plastiekbottels te versamel en dit aan 'n plastiekherwinningsanleg te verkoop. Nadat hy sy aanvanklike saaikapitaal van 36 000 Ugandese sjieling verkry het, het hy op 'n klein skaal papiersakke begin maak terwyl hy nog op skool was.

In 2010 het Andrew sy nuwe onderneming, Youth Entrepreneurial Link Investments (YELI, geregistreer). YELI is nou die eerste geregistreerde onderneming in Uganda wat papiersakke en koeverte produseer. Sy onderneming het gegroei en het tans 22 werknemers in diens. YELI se klantebasis sluit in plaaslike hospitale, kleinhandelwinkels, padstalle, supermarkte en groot plaaslike meelvervaardigingsmaatskappye soos Maganjo Grain Millers en Akamai Foods. YELI was die wenner van 'n ILO-sakeplankompetisie met prysgeld ter waarde van 2,6 miljoen Ugandese sjieling. Andrew kan nou uit sy inkomste betaal vir sy baccalaureusgraadstudie in handel aan die Makerere Universiteit, salarisse vir sy personeel en onderhou ook sy familie in Mbale deur die verspreidingspunt vir sakke en koeverte wat hy in geopen het en wat sy moeder bedryf. Benewens die groeiende onderneming wat hy bedryf, vind Andrew nog genoeg tyd om meer as 500 individue – meestal jongmense – op te lei om papiersakke te kan maak en waardeur nog 16 ander projekte gevestig is. Sy persoonlike doelwit is om teen 2015 werk aan 60 mense te verskaf en 'n papiersak-vervaardigingsaanleg te open om die visie van 'n skoner Suid-Afrika te bereik.

Andrew het sy lyn gediversifiseer om ook geskenksakkies in te sluit. Hy is die wenner van die 2012 FERD Toekenning vir Sosiale Entrepreneur van die Jaar. Hy is in 2014 deur Tony Elemelu erken as ontvanger van die Tony Elemelu 'Prize in Business Award'. In 212 het hy die eerste plek behaal by die Anzisha Prize Awards, 'n kompetisie wat Afrika-entrepreneurs jonger as 22 jaar wat sakeondernemings gebruik om probleme in hul gemeenskappe op te los, erken en vier.

[Bron: *www.anzishaprize.org*]

1.1 Identifiseer en bespreek TWEE meriete van entrepreneurskap met verwysing na die inligting in die gevallestudie. (12)

1.2 Waarom het Andrew Mupuya hierdie onderneming begin? Gee TWEE redes. (2 × 2) (4)

1.3 Voltooi 'n SWOT-ontleding vir YELI. Noem TWEE elemente in elke kategorie. (16)

Kopiereg voorbehou

1.4 Identifiseer stellings uit die gevallestudie wat die volgende eienskappe van ’n entrepreneur ondersteun:

1.4.1 Energie

1.4.2 Organisering

(2 × 4) (8)

1.5 Skryf elk van die volgende akronieme volledig uit:

1.5.1 KMMO

1.5.2 SAID

1.5.3 BTW

(3 × 2) (6)

1.6 Watter kreatiwiteitsmetode het Andrew gebruik om met sake-idees na vore te kom? Motiveer jou antwoord. (4)

[50]

VRAAG 2

2.1 Jy beplan om ’n onderneming in jou plaaslike omgewing te open.

Kies ’n produk/diens wat jy as ’n sake-idee wil gebruik. Jy kan die produk/diens van jou sakeplan wat jy hierdie semester voltooi het, gebruik. (2)

2.2 Skryf ’n uitvoerende opsomming van jou sakeplan. Gebruik die sake-idee wat jy in VRAAG 2.1 gebruik het. (4 × 2) (8)

2.3 Stel ’n vraelys op om te bepaal of mense jou bepaalde produk/diens sal koop. Jou vraelys moet die naam van die onderneming, twee oop vrae, twee geslote vrae en duidelike aanwysings oor wat die respondente moet doen, insluit. (14)

2.4 Noem TWEE faktore van die eksterne sakeomgewing wat geleenthede en bedreigings vir jou onderneming se bedrywighede en prestasie kan inhou. Verduidelik hoe hierdie faktore jou onderneming sal beïnvloed. (6)

2.5 Noem VYF brondokumente wat die eienaar van ’n klein sakeonderneming moet hou. (5 × 2) (10)

2.6 Teken ’n geheuekaart vir ’n entrepreneur wat ’n klerewinkel wil open. (10)

[50]

VRAAG 3

Palesa besit 'n klein sakeonderneming wat juweliersware verkoop. Sy stal haar juweliersware uit by kunsvlytskoue, kerkbasaars en vlooimarkte. een van die plaaslike boetiekeienaars het ingestem om haar werk teen 'n bepaalde tarief uit te stal.

3.1 Gee Palesa se onderneming 'n kreatiewe naam en verduidelik waarom jy hierdie naam gekies het. (3 × 2) (6)

3.2 Wat is die regsvereistes vir hierdie tipe onderneming? (3 × 2) (6)

3.3 Voltooi 'n bemarkingsmengsel-ontleding vir Palesa se onderneming.

Skryf die verduidelikings onder die volgende opskrifte:

3.3.1 Produk en verpakking

3.3.2 Reklame en verkoopspromosie

3.3.3 Verspreidingskanale

3.3.4 Prysbepalingstegnieke

(4 × 6) (24)

3.4 Skep 'n pamflet wat Palesa aan haar klante kan uitdeel. (10)

3.5 Bereken die verkoopsprys as dit R180 kos om 'n armband te vervaardig en die prystoeslagpersentasie 25% is. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Nomvo is 'n jong entrepreneur wat 'n kosmetiekwinkel genaamd Glow besit. Sy glo daarin om hoëgehalteprodukte en -dienste te lewer, wat klante waarde vir geld bied.

4.1.1 Nomvo wil weet hoe klante oor haar produkte en dienste voel.

Stel 'n naverkoopsvraelys (evalueringsvorm) vir haar onderneming op. Die evalueringsvorm moet VIER toepaslike vrae vir haar tipe onderneming insluit. (12)

4.1.2 Watter sekuriteitsmaatreëls moet sy implementeer om winkeldiefstal te voorkom? (5)

4.2 Gebruik die volgende inligting om die beraamde kontantvloeistaat vir die volgende DRIE maande in die ANTWOORDBOEK (aangeheg) op te stel. Aan die einde van Januarie 2017 het ons 'n gunstige banksaldo van R8 000 gehad.

MAAND	BERAAMDE VERKOPE	BERAAMDE AANKOPE
Januarie	R8 000	R4 500
Februarie	R5 000	R3 000
Maart	R6 000	R4 000
April	R7 500	R5 000

ANDER INLIGTING :

1. Die gemiddelde uitgawes per maand is:

Lone	R1 500
Huur	R1 200
Telefoon	R550
Elektrisiteit	R180
Brandstof	R500

2. Ons het in Januarie 'n rekenaar gekoop. Ons het R2 000 deposito betaal en daarna maandelikse betalings van R650vir die volgende twee jaar.

3. 30% van ALLE verkope is op krediet. Debiteure betaal gewoonlik 30 dae later.

4. 20% van ALLE aankope is op krediet. Ons betaal gewoonlik 30 dae later.

5. Ons gaan in Maart 'n ou afleweringsvoertuig vir R15 000 kontant verkoop.

6. Ons gaan in Maart 'n kantoorlessenaar koop. Die deposito sal R1 500 wees en die maandelikse paaiemente daarna sal R450 wees, vir die volgende twee jaar.

(33)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4.2

BERAAMDE KONTANTVLOEISTAAT

MAAND	FEBRUARIE	MAART	APRIL
KONTANTONTVANGSTE			
Banksaldo aan die begin van die maand			
Kontantverkope			
Kredietverkope			
Ander inkomste			
TOTALE KONTANT BESKIKBAAR			
KONTANTBETALINGS			
Maandelikse uitgawes			
Kontantaankope			
Kredietaankope			
Ander betalings			
TOTALE KONTANTBETALINGS			
Banksaldo aan die einde van die maand			

Kopiereg voorbehou